Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII NOMMER 6 10 JUNIE 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# C.H.O. OOP VIR ALMAL

Deur Vlok Delport en John Leyden

**"In my tyd as Rektor van die universiteit sal ek graag wou sien dat daar meer klem op die "van" van die Universiteit gelê word. Ons moet dit ook in die praktyk deurtrek."**

So het prof. Tjaart van der Walt, rektor van die P.U. vir C.H.O. in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.

**Nie Argaies**

Die „van" van die PUK, naamlik C.H.O., is nie 'n medalje nie maar meer 'n plig. Christenskap moet nie as oumensagtig gesien word nie, maar hoort ook by jongmense. In vandag se samelewing met sy krisisse bly die geloof nog steeds standvastig ongeag ouderdom.

**Praktyk**

Op 'n vraag hoe hy die C.H.O. konsekwent in die praktyk wil deurtrek het hy gesê die Puk kan 'n groot rol speel aangesien ons hier Christelike wetenskap beoefen. Hy het verder gesê ons kan hier bewys dat Christenskap nie 'n geïsoleerde saak is nie, maar deel van ons alledaagse handel en wandel moet wees.

**Rasseverhoudinge**

Om Christenskap konsekwent deur te trek in die praktyk moet volkereverhoudinge in ag geneem word. Prof. Van der Walt het daarop gewys dat verskillende rasse reeds nagraads op die PUK studeer.

Hy het gesê dat die PUK prinsipieel oopstaan vir alle rasse. Indien 'n persoon van 'n ander ras of taal Afrikaanse Christelike opleiding wil ondergaan is hy welkom op die PUK. Dit geld vir voorgraadse of nagraadse studente en deeltyds of voltydse studente.

Die PUK staan prinsipieël dus oop vir alle rassegroepe, maar prof. Van der Walt het daarop gewys dat daar nie 'n werwingsveldtog beoog word nie.

Bophuthatswana het die PUK reeds genader vir opleiding van dosente vir hul eie universiteit. Op 'n vraag of die PUK ook aan hul universiteit se studente opleiding sal gee, het prof. Van der Walt geantwoord, dat dit beter sou wees om hul dosente op te lei omdat hulle dan weer hul studente kan oplei.

Die universiteit het dit goedgekeur dat 'n aantal Koreaanse studente volgende jaar voltyds op die PUK kan kom studeer. Hul motivering om op die PUK te kom studeer is omdat ons die enigste universiteit in Suid-Afrika is wat die wetenskap "In U Lig" bestudeer.

Op 'n vraag waar hulle gaan bly het die Rektor geantwoord dat hulle wel in die koshuise geakkommodeer kan word.

Ten slotte het die rektor daarop gewys dat daar op nagraadse vlak meer kontak kan wees omdat almal besig is met navorsing. Dit vereis spanwerk en so kan verskillende rasse mekaar vind sonder integrasie.



*Prof. Tjaart van der Walt.* *Foto: Fotokuns*

# KARLIEN LOOP DEUR

**Gordyne in die voorportaal van Karlien is verlede week deur vandale in dié koshuis geskeur.**

In 'n telefoon gesprek wat Die Wapad met een van die HK lede, Lizanda Laas, gevoer het, het sy gesê die insident het die inwoners absoluut dronkgeslaan.

Wat hul motiewe kon wees is ook onverklaarbaar.

Mej. Laas het gesê teen half drie die oggend toe Kommunikasiekunde studente teruggekom het van 'n aksie was die gordyne glo nog heel. Een van die HK lede het die deur die oggend vir hulle oopgesluit.

Volgens haar weet sy ook nie hoe die vandaal of vandale die koshuis binnegekom het nie aangesien die deure gesluit was.

Sy het gesê dat die polisie gekontak is en hulle ondersoek die saak nou verder.



*Die skade by Karlien* *Foto: Jaco Pretorius*

## LEES BINNE

- PENDOORN 'N DORING . Bl. 2
- KUESTA OP P.U. ...... Bl. 3
- UIT DIE WOORD . Bl. 4
- DEUR MY LENS ... Bl. 5
- SPORT .. Bl. 8

# OBLIGASIES: TUKS GEE GELD

**Tukkies het tien persent van hul joolopbrengs in die regering se Verdedigingsobligasies belê, volgens Die Perdeby.**

Omdat Tukkies se joolkomitee vir hul werk betaal word, word 'n gedeelte van die joolopbrengs by 'n bouvereniging belê. Die joolkomitee word maandeliks uit die rente wat so verdien word betaal. Ongeag of hulle vir militêre diens opgeroep word.

Die rente wat nou met die bonusobligasies verdien word omdat die geld hier in belê word, sal nou vir die doel aangewend word.

Tuks skenk ook elke jaar geld aan die Suiderkruisfonds. In plaas van die skenking sal die geld eerder in die obligasies belê word, sê die koerant.

# MUNISIPALE BUSDIENS WORD GESTAAK

Deur Elretha Dreyer

**Die Pukke sal vanaf die einde van die maand dorp toe moet stap, want die munisipale busdiens word dan gestaak.**

Mnr. S.H. Olivier, stadsklerk van Potchefstroom, sê te min mense gebruik die busdiens om dit lonend te maak. Tans subsidieer die Stadsraad die Western Greyhound-busmaatskappy met R24 vir elke passasier per jaar. Hy het verduidelik dat dié bedrag sal na R182 moet verhoog word, voordat die busdiens betalend sal wees. Daarom het die busmaatskappy die Stadsraad se vergunning gevra om die blanke busdiens te beëindig.

Volgens hom sal die plaaslike nie-blanke busdiens wel volgehou word, omdat dit winsgewend is. Die Greyhound-maatskappy se busse look ook in die omliggende dorpe soos Klerksdorp en Kroonstad dié maand vir oulaas.

Mnr. Theuns Eloff, die SR-voorsitter, sê die Studenteraad het nog nie die vervoerprobleem wat nou ontstaan het, bespreek nie. Die beëindiging van die busdiens dorp toe is nog nie onder hulle aandag gebring nie. Hy glo egter dat hulle 'n eie busdiens vir studente gunstig sal oorweeg.

Hy voorsien nogtans baie praktiese probleme. In die verlede wou die Sportinstituut Saterdagmiddae busvervoer na die sportvelde verskaf. Dit het misluk weens 'n gebrek aan belangstelling. Mnr. Eloff vrees dat 'n SR-bus teen 'n verlies sal loop.

Volgens hom kan 'n bus miskien een maal per dag op voorkeurtye dorp toe en terug ry en op Saterdagaande fliek toe. Dit sal nie vir die SR moontlik wees om 'n volwaardige busdiens in te stel nie.

## IN MEMORIAM

Hiermee wil Die Wapadredaksie en studente van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. hul innige meegevoel teenoor die naasbestaandes van Quinton Erlank en Dawid van Aswegen betuig.

Dit is vir die Puk 'n groot verlies om twee groot sportmanne en leiers te verloor.

# Kuns en Vermaak

## EERSTEJAARS SE DRAMADEBUUT

**TYDENS die opvoering van die jaarlikse eerstejaarstuk van die Departement Spraakleer en Drama is 'n hele paar opkomende sterre ontdek.**

Die eerstejaars het 'n briljante vertoning gelewer en die groep toon die potensiaal om een van die sterkste groepe te word wat die dramadepartement nog ooit gehad het.

Die stuk was ook 'n nuutjie aan die PUK want dit is geskryf (ja geskryf!) soos wat die repetisies verloop het.

Gebasseer op dramas en komplotte van Thomas en Agatha Christie, en gebou uit impromptu aksies en dialoog, moet ek erken dat ek aangenaam verras was met die eindproduk.

Die spelers het improvisatories te werk gegaan om opvolgende tonele te skep. My komplimente aan die regisseur en die assistent regisseur wat die taak van dialoog skep en die neerskryf daarvan gehad het.

Aangesien dit 'n eerstejaarstuk was, kon mens nie verwag om gesoute akteurs op die verhoog te sien nie.

Daar was 'n paar oomblikke van "skoolkonsert" maar die spelers se ervaring in ag geneem was die oomblikke doodnatuurlik.

Aldo Behrens het voorwaar 'n mylpaal bereik met Debuut 77.


**Volkskas praat die taal van kundiges**

Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.

Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.

Daarom praat Volkskas saam ... in 'n tradisie van diens en kundigheid.

Kom praat met die bank wat verstaan.

Volkskas (Geregistreerde Handelsbank)



**THE BLUE STORE**

WINKEL 56 NUWE INDIER SENTRUM
TEL 6364 21861

| | |
|---|---|
| LEE STOOFPYPBROEKE | R9-95 |
| MANS KUNSLEER BAADJIES | R29-95 |
| WATSON GRASSHOPPERS | NET R13-95 |
| WOPPAS SLENTERSKOENE | R12-95 |

*PAS ONTVANG! NUWE REEKS*

MANS LEERBAADJIES
BROEKE EN HEMDE @ SPESIALE PRYSE

KOM KYK GERUS EN VERGELYK ONS PRYSE

GOEIE KWALITEIT!
GROOT VOORRAAD!


## UNIVERSITEIT VAN DIE NOORDE ISOLASIE VERBREEK?

**'n Totale afwysing van skakeling met blankes heers reeds die afgelope vier jaar by die Universiteit van die Noorde.**

Die ongesonde toestand wat hierdie isolasie meebring, is tydens 'n konferensie van die Anglican Students Federation weer onder die soeklig geplaas.

Studente van die Universiteit van die Noorde, Wits, Tuks en die Puk het die konferensie bygewoon.

Tydens oop gesprekke het verskeie swartes afgesien van hul eensydige beeld van die Afrikaner student.

Die onderwerpe wat bespreek is was "Vernuwing deur die Heilige Gees, die jong Christen en Nasionale Ontwikkeling en die Christen en Konflik".

Mnr. Hlahame Molefe, 'n onderwysstudent, het gepraat oor Jesus die model van Leierskap.

Dr. Beyers Naude het ook tydens die konferensie 'n toespraak gelewer.

## VERVEELD TYDENS SLEEPTYD

**DIE Departement Spraakleer en Drama bied vanaf Maandag 13 Junie tot Vrydag 17 Junie 'n skemeruur program aan getiteld Herfsvonkel.**

Die Kleurling se musiek vorm die basis van die program. Paul Schutte en Aldo Behrens bied die vonkelreeks aan, en word die keer deur ander persone asook 'n orkes bygestaan.

Onthou! Die Kamertoneel, 13-17 Junie vanaf 6.30 – 8.30 nm. Die prys van die kaartjei sluit ook 'n glasie sjerrie en versnapperinge in.

Besprekings word by die Dramadepartement gedoen.

# Pendoring 'n Doring

deur Pieter Oberholzer

**Pendoring (Edms) Bpk., die Sjörde aanbieding van 30 Mei tot 3 Junie was 'n treffer in die ou Sjörde tradisie van vermaak.**

Die stuk, geskryf deur As van Straten is oorspronklik as 'n radiohoorspel geskryf en is bekroon met die SAUK prys in 1975. Dr. Bet Botha het die stuk vir die verhoog aangepas met baie goeie gevolge.

Die storie gaan oor 'n vertaler, Gert Klopper, en sy sekretaresse, Sarie Verster. Van Straten is nie verniet bekroon met die prys nie, want die stuk is ooglopend 'n eenvoudige "slice of life". Agter die kykie op die lewe lê daar egter baie meer verskuil, omdat dit gaan om die taal wat elke Afrikaner praat, en verskillende fasette van die Afrikaanse taal word uitgelig en belig. Alhoewel daar van ons is wat dalk nie met Mnr van Straten se siennings saamstem nie, is dit tog batend om daarvan kennis te neem.

Die regie van die stuk is deur Dr. Bet Botha aangepak. 'n Maklike taak was dit ook nie, want om 'n hoorspel op die planke te bring is geen speletjies nie. Aldo Behrens en Nadina Kleynhans lewer deurlopend puik spel. Die gehoor se aandag is gedurig by die twee spelers, en die oomblikke waarin Mej Kleynhans "dink" is met groot sukses gedoen. Mej Kleynhans het my geimponeer met haar vlot spel en sy beskik oor 'n natuurlike talent vir beweging – voorwaar 'n fonds vir die Dramadepartement. Aldo Behrens is 'n ou bekende vir die gereelde teaterganger en 'n Pendoring was hy weereens 'n doring.

Al kritiek wat ek teen die aanbieding gehad het, was die manier waarop die ander deelnemers gegroepeer was. As 'n mens egter die tegniese probleme asook die beperkinge van die kamertoneel se foyer in ag neem, was dit al uitweg. Nog 'n probleem was die lengte van die stuk – Dit is egter baie moeilik om gepaste stukke te kry wat ook binne die bestek van 40 minute afgehandel kan word.

Voorwaar heerlike etensuur vermaak wat die moeite werd was!

## KLEIN-ADVERTENSIES IN WAPAD

**Die Wapad-redaksie** het besluit dat klein-advertensies oor persoonlike verkope en soortgelyke sake voortaan in Die Wapad geplaas sal word. Ons dink byvoorbeeld aan iemand wat 'n tikmasjien wil koop of verkoop. Let op dat dit hier om persoonlike voordeel gaan. So 'n advertensie sal 20c vir die eerste tien woorde en nog 2c vir elke bykomende woord kos. Iemand wat 'n advertensie wil plaas, moet dit in 'n koevert plaas met die korrekte bedrag ingesluit. Indien die bedrag nie voldoende is nie, sal die advertensie nie geplaas word nie. U eie adres moet ook in of op die koevert verskyn vir moontlike skakeling. Hierdie koevert moet geadresseer word aan:

Die Penningmeester
Die Wapad
Bus 13

Gooi die advertensie in die Wapad-bussie by die SSR-kantoor (nr 13).

Die Wapad hoop dat hierdie goedkoop diens u almal tot voordeel sal strek!

## CHEKOV-STUK BY DRAMADEPARTEMENT


**DIE KERSIEBOORD,** 'n wêreldbekende stuk van een van Rusland se grootste skrywers, word vanaf 18 tot 28 Junie in die Kamertoneel aangebied. Dr. Peet van Rensburg neem die regie waar en die stuk hou veel belofte in.

Verskeie ou bekendes tree dan ook in die stuk op o.a. Mej Bet Botha, senior lektrise aan die Departement. U kan ook van die honeursstudente te sienne kry in die produksie.

Plekbespreking by Pro-Rege.


**Susan Hoedewinkel**
vir
Hoede,
Handsakke,
Serpe en
Blomme.

SANTAM-DEURLOOP
TEL. 4891
POTCHEFSTROOM



# KUESTA OP P.U.

**Kuesta '77, die grootste projek van die ASB vind van 11 tot 15 Julie vanjaar op die kampus van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO plaas.**

Kuesta is saamgestel uit die woorde "kuns" en "fiesta". Mnr. Gerrie van Wyk en die Sentrale Reëlingskomitee is druk besig om Kuesta '77 te organiseer.

Bykans 500 mense word vir dié Kunsfees verwag.

Behalwe die gewone komleer-hoe kursusse is daar 'n weerbaarheidskursus wat deur die Suid-Afrikaanse Weermag aangebied word. Hierdie kursus sal verpligtend wees, volgens die persverklaring.

Die kursusse wat aangebied word, sal glo in almal se smaak val. Daar is kursusse vir sportmaniakke, vir die intelligentsia, handvaardiges en ander feesliewende studente.

Een van die heel interessantste kursusse is die valskermspring. Groot belangstelling word verwag. Ander kursusse in sport is tennis, pluimbal, karate en pistoolen wapenkunde. Hoofsaaklik sal die hantering van 'n vuurwapen aan die orde van die dag wees.

Twee kursusse in motorherstelkunde word aangebied.

Kursusse soos sjarme, onthaalkuns, batik en binnenshuise versiering sal groot byval vind by die damesstudent. Die Droëvrugteraad kom ook 'n paar geheime van hul spogresepte verklap.

Die Kunsfees gaan weer 'n baie groot deel van Kuesta uitmaak. Dit behels kompetisies in redevoering, drama, fotografie en musiek. Daar word onder andere na die beste Afrikaanse studenteliedjies gesoek.

Persone wat belangstel moet met hul kontakpersoon skakel vir verdere inligting soos uiteengesit in die Kunsfeesreëlingsboekie.

Voornemende politici en seremoniemeesters kry geleentheid vir opleiding in openbare redevoering.

Ander kursusse is volkspele, skaak en fotografie.

Die Sentrale Reëlingskomitee het die koste van Kuesta '77 van R39 na R25 verminder.

Die kursusse word afgewissel deur verskeie sosiale feeste. Daar is onder andere 'n vleisbraai en 'n "brewers brunch". Spesiale kompetisies en kursusse in "eetkunde" kan gereël word. 'n Afsluitingsdinee word gehou.

Alle Afrikaanssprekende studente van kampusse dwarsoor Suid-Afrika kan inskryf vir hierdie fees. Inskrywings kan by die Studenteraadskantoor gedoen word op u kampus.

# Studiebeurse beskikbaar

**Aansoeke om die bogenoemde studiebeurse vir die tydperk wat in die jaar 1978 begin, kan nou ingedien word.**

Die bepalings en voorwaardes is soos volg:

Die studiebeurse bedra elk tussen R1 200 en R2 400 per jaar en word toegeken vir studie aan die Universiteite van Oxford, Cambridge of Londen vir 'n tydperk van twee agtereenvolgende jare in die geval van 'n Baccalaureus- of 'n Meestersgraad, en vir 'n tydperk van drie agtereenvolgende jare in die geval van 'n Doktoraat.

Aansoekers moet gegradueerdes wees van 'n erkende Suid-Afrikaanse Universiteit en die studiebeurse sal soos volg toegeken word:

*Peter Haworth Gedenkbeurs* – Gegradueerde mans en dames.

*Cicely Haworth Wahl studiebeurs* – gegradueerde dames.

*Robert en Cicely Wahl studiebeurs* – gegradueerde mans en dames.

Aansoeke moet die Sekretaris voor 30 September 1977 bereik.

Verdere besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van die Sekretaris van die onderskeie studiebeurse, Posbus 1714, Bloemfontein, 9300.

# TELEFOONDIENS VIR WANDA?

**Reeds vroeg in 1977 is 'n telefoondiens aan Wanda belowe. Die werksaamhede sou gedurende Maart of vroeg in April begin het. Daar is egter nog geen teken van telefone in die voorportaal van Wanda nie.**

Dr. G.J.J. van Deventer het gedurende die stadsraadsverkiesing, op versoek van Wanda, 'n ondersoek na hierdie saak aangevra. In antwoord hierop het hy vroeg in Februarie 'n brief van die stadsklerk ontvang. Hierin word Dr. van Deventer meegedeel dat die saak met die Posmeester opgeneem is en dat dit dringend aandag geniet. Daar is ook met die Ingenieursafdeling te Klerksdorp in verbinding getree.

Die lê van kabels vir die voorsiening van die oproepkantoor is vroeër deur die Universiteit stopgesit as gevolg van die ander boubedrywighede op die kampus.

Die primaria van Wanda het probeer om Dr. van Deventer oor dié belofte te spreek, maar sy kon hom egter nie in die hande kry nie.

Die inwoners van Wanda begin nou wonder wat van hulle telefone geword het. Totdat die telefone kom moet hulle maar by ander koshuise toustaan om ook te kan bel.

# ASTER IS AAN DIE BRAND

**Aster hou van aksie en waar aksie is, is asters. Daarom dat mnr. Aucamp van die Potchefstroomse Brandweerstasie van aksie hou.**

Daar was nou wel nie 'n gebou in ligte laaie nie, maar die dames het ryke verbeelding aan die dag gelê en die brandslange behendig beheer. Drie verskillende soorte brandweerwaens is aan die dames gewys en al hul toebehore is duidelik uiteen gesit. Die interessant was natuurlik die asemhalingsapparate aan die binnekant van elke wa.

Die verskil tussen 'n droëpoeierblusser en koolsuurgasblusser is verduidelik asook die gebruik van die skuimpyp. Dit is ook interessant dat water sonder skuim net op materiale gebruik kan word.

Dit bleik asof die dames oorkant die spoor nie so aktief is soos die dames duskant die spoor nie. Daarom betreur Aster die feit dat tog tig persent van die Pukdames op die kampus saam met die wintertermometer van warm na koud gedaal het.

Dit is betreurenswaardig dat ons dames so belangeloos is, veral in die lig van aktiewe deelname van dames op ander kampusse. Ons as dames kla gou dat hier op die kampus niks te doen is nie, maar is dit nie net sleep en koffiedrink waarin ons belangstel nie?

# VOORGESTELDE VOORKOMS-REGULASIES IS BEKEND

**Die doel van die nuwe regulasies is om netheidsnorme te verseker en nie om die student se individualiteit aan bande te lê nie.**

Toegewings wat gemaak is, is dat die mans langbroeksafariepakke mag dra of anders 'n langbroek en hemp wat aan die volgende vereistes voldoen nl. 'n stywe kraag en wat kan oopknoop tot onder aan die hemp.

Vir dames mag die kledingstuk nie deurskynend wees nie en die draer moet behoorlik bedek wees.

Volgens die voorgestelde regulasies is slenterdrag onaanvaarbaar asook enige drag met 'n enigsins verslete of verblykte voorkoms.


*Nog 'n gespesialiseerde diens van die Standard:*

**STUDENTPLAN. DIE ALOMVATTENDE FINANSIËLE PLAN VIR STUDENTE.**




*Nou kry u meer van ons as ooit tevore.*

Studentelenings. U kan tot R1 500 per jaar of meer kry, afhangende van u behoeftes, vir die duur van u studies. En u betaal net 5,5% rente op daardie lening. Dis net 'n student wat teen sulke lae rente kan leen!

Tjekrekenings vir studente. Teen die laagste moontlike koste kan u self 'n tjekboek hê vir die grootste koopgerief ter wêreld.

Studenteversekering. Ons kan reël om u teen enigiets onder die son te verseker.

Studentespaarrekenings. U kan 'n studentespaarrekening met so min as 50 sent open en rente op u geld verdien.

Die dag wanneer u by die naaste Standard Bank-tak instap met bewyse dat u by 'n universiteit (of enige erkende inrigting vir hoër onderwys) ingeskryf is, kwalifiseer u dadelik vir 'n hele reeks dienste teen rentekoerse en voorwaardes wat nie-studente se monde laat water.

Die Standard se Studentplan voorsien in al u behoeftes as student. Stap in by enigeen van ons takke en kry 'n brosjure. Of gesels met een van ons Studentesakebestuurders wat die hele plan aan u sal verduidelik. Dit maak nie saak of u net sommige of al die dienste wil hê nie, u sal met 'n gevoel van groot verligting daar uitstap.

U is goed toegerus – by die Standard.




**Standard Bank**

*Op die Standard kan u staatmaak. Want die Standard maak staat op u.*

die WAPAD

# CHRISTENSKAP – PRAKTIES, OF NIE?

**Prof. Tjaart van der Walt se siening dat Christenskap ook in die praktyk uitgeleef moet word en dat die Puk 'n groot rol hierin kan speel ontvang ons met bly gevoelens.**

**Hoe dikwels het ons onsself nie al afgevra – is dit moontlik? Ons antwoord is 'n besliste ja.**

**Dat ons ons Christenskap konsekwent in die praktyk moet toepas is 'n belangrike vereiste.**

**Die Rektor se siening oor rasseverhoudinge is verblydend. Dit is 'n positiewe stap na die wegbreek van diskriminasie.**

**Ons Christelike wetenskap is dus oop vir almal wat die wetenskap "In U Lig" wil bestudeer.**

**Daar gaan mense wees wat natuurlik besware gaan aanteken, maar dit moet onthou word dat die regering al 'n paar jaar gelede wetgewing ingedien het dat waar opleiding vir ander rasse nie by hul eie universiteite moontlik is nie of waar daar glad nie 'n universiteit is nie kan hulle by ander universiteite gaan studeer.**

**Dit is egter ook so dat verskillende etniese groepe meer geneig is om by hul eie universiteite te gaan studeer.**

**Die belangrikste is egter dat ons ons Christenskap in die praktyk konsekwent moet deurtrek.**

# Sinvolle skakeling nodig

**Dit is ons mening dat sinvolle skakeling slegs kan lei tot beter verhoudinge. Ons moet egter daarteen waak om nie net te skakel ter wille van skakeling nie. Skakeling eis tog 'n gemeenskaplike belang, hoe gering dit ook mag wees.**

**In 'n voorbladartikel van 25 Mei in Die Wapad, word daar berig oor die Studenteraadskonferensie wat op 25 April by RAU gehou is.**

**Opvallend van die konferensie was die openheid wat daar geheers het. Dat daar meningsverskille sou wees is logies, maar deurdat daar op sinvolle manier kontak gemaak is, is die pad oop vir verdere samesprekings tussen alle rassegroepe.**

**In hierdie tye waarin ons leef, waar 'n hegte eenheid van verstandhouding vereis word, kan sinvolle skakeling slegs 'n positiewe doel hê. Ons as Afrikanerstudente moet gebruik maak van hierdie geleenthede om van ons isolasie af weg te beweeg en ook ons standpunte duidelik te stel en nie meer die sogenaamde „kantmanne" te wees nie.**

# Dit is Jammer

**Koffie by 'n dameskoshuis na 'n laataand serenade is ook iets van die verlede.**

**Die Advieskomitee vir koshuise het besluit dat hierdie tradisie tot 'n einde moet kom. Dat daar redes vir hierdie stap was, betwis ons nie, maar ons is seker dat daar alternatiewe gevind kon word om beheer uit te oefen.**

**Die Wapad hoop maar net nie dit is die einde van serenades by dameskoshuise nie. 'n Serenade is tog een van die goeie kenmerke van studentwees. Die S.S.R. het ook op 'n vergadering 'n mosie ingedien waar hulle dié stap van die advies komitee vir koshuise betreur.**

*** Laataande vir dames.**

**Die idee vir algemene laataande op Vrydae vir dames word met gemengde gevoelens ontvang. Die idee is goed, maar natuurlik belemmer die toetse op Vrydae aande dat die laataande gebruik kan word.**




## OP DIE WA-AS

*MAURITZ MOOLMAN*

**Almal doen Bocceroli**

Hier het ons dit. Ons is glo die "duurste leegleêrs in die land."

'n Oud-Puk kom mos eendag vir 'n oud-klasmaat, nou 'n proffie op die Puk, kuier. So vertel my goeie vriend Gottlieb Bocceroli na aanleiding van die verklaring.

Die besoeker het lekker gesels totdat die vraag der vrae kom.

"En hoe lyk die Akademie hierlangs?" wou hy weet.

"Og, eersteklas, eersteklas man. Hier is 'n vraestel as jy dit graag wil sien," bied die proffie gasvry aan.

"Maar dit is dan presies dieselfde vraestel as wat ek veertig jaar gelede beantwoord het!" roep die besoeker verras uit nadat hy die vraestel bestudeer het.

"Jy weet mos hoe gaan dit op die Puk. Hier verander ons nie die vrae nie, net die antwoorde" verduidelik die Proffie.

Die Akademiese Raad reël nou 'n troutrek-kompetisie tussen die duurste en die bes betaalde leegleêrs in die land. So gou as wat hulle kan uitvind of die regering se R72 000 toekenning aan dié sport bedoel is vir toue of vir sakdoeke.

Gottlieb verskyn nou net in sy vermomming op die kampus. 'n Das met tekkies.

**Vir die prys van koffie.**

En nou die duurste losies. Die prys van 'n koshuis gaan glo volgende jaar met R90 styg. Almal kla behalwe die dames van Kasteel en Fort. Net twee uit 60 verkies in elk geval 'n stort bo 'n bad.

Gottlieb sê sy meisie was gister by haar pa se prokureur. Sy wil voor die einde van die jaar oordrag neem.

Of hy belangstel in Uitspan?

"Moenie laf wees nie," sê hy. "Ek het 'n studentelening."

"Nou wat het 'n studentelening daarmee uit te waai?" wil ek weet.

"Ek koop volgende week 'n huis op die Bult." Spog hy.

"Pas op ou vriend. Die koffie kos in hierdie deel van die dorp R3,28 vir 500 gram en in die res net R1,79," waarsku ek. My goeie daad vir die dag, en ek probeer nié voorgee dat dít iets met die R90 te doen het nie.

Terloops, ek het 'n kontak vir goedkoop asbes as iemand in Caput of Hombré belangstel. (Dit is die ideale grootte vir 'n garage vir 'n 900 cc Kawa.)

**Om die as**

Verlede keer het ek gesê dat daar vier soorte dames op die Puk is. Hierdie keer het ek simpatie met die vyfde soort. Dié wie se sleep sleep met die emosie van 'n koringkriek.

Hy wil 'n rubriek op die Wapad hê, sê ons voorsitter. "as teenvoeter vir die Wa-As." Hy hét 'n kans. Dit is ongeveer dieselfde as Oom John Vorster s'n as rubriekskrywer vir die Daily Mail.

Die eerste prys vir akademiese verantwoordelikheid gaan hierdie week aan die lektor wat kommunisme met een woord opgesom het in sy diktaat-rassemisdaad.

**Gesoek: Talle luidsprekers**

Met al die hoë toesprake en volksfeeste, (die verwagtes soos die Totiusfees en dié wat enige oomblik mag opduik), het 'n ernstige tekort aan luidsprekers by die admin ontstaan. Dis net die SSR wat dit wou leen nie die standerd sewes van die Plaaslike Skool vir Dowes nie.

Kan iemand intussen vir admin uit die kanaal help?

## Uit die Woord

*DIE WAT OP DIE HERE VERTROU,*

*SLAAP RUSTIG*

***Psalm 127,2: "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet – net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!"***

*Toetse . . . referate. As jy 'n student is en êrens wil kom, beteken dit maar om min te slaap en op te offer. Veral hierdie tyd van die jaar met sy drukte, ondervind ons dikwels kort nagte.*

*Hoe nou gemaak met die woorde in Psalm 127,2? Beteken dit dat ons 'n luilekker lewe kan voer as gelowiges, sonder stryd? Beteken dit dat diegene wat deur DIE HERE bemin word, maar baie kan slaap, terwyl God gawes sal toevoeg – sonder dat hulle 'n vinger hoef te verroer?*

*As 'n mens die woorde van Psalm 127,2 egter noukeurig lees in hulle* ***verband*** *en ook in ag neem dat hierdie vers tans verkeerd* ***vertaal*** *is in ons Afrikaanse Bybel, kry 'n mens 'n gans nuwe perspektief op die woorde:*

* *Die hele Psalm 127 handel oor die tevergeefsheid om as mense self 'n nagedagtenis in hierdie lewe op te rig en te bewaar. Monumente vir onsself is tevergeefs – of dit nou kinders is, knap bouwerke of wat ook al. Juis Salomo, die groot bouerkoning, skryf hierdie woorde dat alle bouprojekte en verdediging tevergeefs is as God se seënende hand nie daarop rus nie. Ook 'n nageslag (waarvan Salomo eweneens in oorvloed van gehad het!) is niks meer as 'n erfdeel van DIE HERE nie. Die hele Psalm wil sê dat ons nie 'n afgod van ons werk mag maak nie.*

* *Letterlik staan daar in die oorspronklike taal (en ook in baie moderne vertalings): "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet – voorwaar,* ***aan sy beminde gee Hy slaap."***

*Aan Sy beminde . . . slaap! Daar staan nie dat DIE HERE dinge gee wat nodig is terwyl ons slaap nie, sodat ons niks hoef te doen nie. God se werkswyse in hierdie wêreld is inteendeel om juis mense te gebruik in sy werk. Nee, daar staan dat God* ***slaap*** *gee aan sy beminde. Hy gee dit ten spyte van die druk daaglikse roetine.*

*God vra nie van ons meer as wat ons kan gee nie. Hy gee ook* ***fisieke rus*** *aan ons, sodat ons onder normale omstandighede kan slaap. G'n mens sal die 3-ure of minder slaap van druk tye en oorlogstye oor 'n lang tydperk kan volhou nie. Die mens is gemaak om sy dag af te sluit, hom te ruste te lê, om dan nuut-vars 'n nuwe dag te begin. Geen slaap, baie min slaap of onrustige slaap, waar jy heel nag met jou probleme rondrol, laat sy merk, vra 'n prys. Wat 'n troos dat ons, onder normale omstandighede kan slaap. Wel nie altyd so baie as wat ons graag wil nie, maar tog* ***rustig,*** *in* ***vertroue.***

*Ons kan* ***rustig*** *wees, anders as die ongelowige, wat snags sal rondrol, bedags deur 'n obsessie gedryf word, om maar net weer na nagmerries en bekommernis op die bed terug te keer. Vir die beminde van DIE HERE is daar slaap in die wete: Ek het gedoen wat ek kon – die res is in God se hand.*

*Ons slaap* ***in vertroue,*** *met die wete: Ten spyte van al ons moeite en stryd, sál DIE HERE vir ons dit voleindig. Sy genadeloon is by Hom.*



# SKAKEL MET ONS S.R.

*Die Verteenwoordigers van die studente van die Vaaldriehoek het onlangs die inisiatief geneem om met ons S.R. te skakel. Tot dusver werk hulle nog om hul studentelewe te organiseer. Op die foto verskyn in gewone volgorde Stiaan Meyer, Koos Pretorius, Algerda Malherbe, Johan van Dyk, Pamela Wilgenbus en Martie van der Merwe.*
*Foto: Jaco Pretorius.*

# MONTIUMLAND, VAT MY HAND!

**Jy het met jou yslike paar bergvellers vierkantig in my hart kom klim. Jy het my weer mens gemaak.**

As jy daarvan hou om drie maal per dag in 'n eksotiese swembad soos 'n wafferse Nefertiti te wil mediteer, of dit aanstootlik vind dat 'n stofwarreltjie jou kapsel ondiplomaties hanteer, of jou gesigverfies met jou saamdra om al wat arend en boesmantekening uit hul staat van passiwiteit te wil sterk, en jy nie van plein provita's en tjoklits hou nie, moet jy liefs nie daaraan dink om met Montium saam te gaan nie.

Dis somerig en sousig in die voetpaadjies of te wel moddervoetjies. Al geluid wat die moeë geeste vergesel is die geswiep – shwôp van sole deur die modder. Net langgrasse swiep deur jou gesig en as jy lang hare het, sit jy soos 'n wafferse Absolom in al wat kakiebos is, vas.

Onfiks? Moenie dat dié skandalige tekortkoming jou van Montium verja nie.

Ek het met die voorste manne saam gestap soos geen Boesman tussen sy vaalduine kan nie. (Dat die manne hul pas dalk kan aanpas sal ons maar blind voor hou, of verswyg!) Daar dit soms nodig was om my bergop met 'n stok uit te sleep, sal ek nou nie wegpraat nie. As dit dus onfiksheid is wat jou jou draaie wyd om Montium laas kontoer – ek het **dié** duiweltjie uit die pad gehaal.

Ek weet ja, dit reën soms, (Nou ja, meer gereeld as soms) – want as 'n man darem maar twee-twee jou toevlug in 'n ietwat skrapse slaapsak op 'n vlermuisbemiste plankbank soek, moet die oorsaak 'n ietwat ongurigheid in die lug en 'n suurerige tent wees.

Maar 'n mens moet ook die voordelige kant van die storie insien: Die natuur spoel jou skoon. En dan bedoel ek dit nou letterlik en figuurlik. Dis alle draakfigure en klewerige spinnerakdrade, waarin die AKADEMIESE spinnekop sy prooi met slu ogies in 'n grynslag sit en inwag, met elke druppel sweet en spiermoë tree in die grond ingetrap word.

# SKRYWERSKRING VOU!!!

**Die werksaamhede van een van die Kultuurraad se onderliggame is opgeskort. Dit is vir die Skrywerskring onmoontlik om weens die ernstige geldtekort verder te funksioneer.**

Mnr. Mauritz Moolman, voorsitter van die Skrywerskring, sê die bestuur het op 'n vergadering op Maandagmiddag 30 Mei op dié drastiese stap besluit. Hulle is met R150 oortrokke, sonder dat hulle 'n sent van begroting vir vanjaar se werksaamhede gebruik het. Die rede hiervoor is dat die drukkoste van verlede jaar se "Lens" eers vanjaar betaal is. "Lens" is 'n bloemlesing van die keur van studentedigters se werk, wat jaarliks uitgegee word.

Volgens hom het die Skrywerskring vir R600 begroot. Die Kultuurraad het dit na R900 opgeskuif, omdat die Studenteraad altyd begrotings besnoei. Die Skrywerskring het toe R145 gekry. Hy sê die probleem is dat die Rade en onderliggame se begrotings totaal onrealisties is, weens die gebruik om begrotings hoër te maak as wat nodig is. Hy betwyfel dit of die SSR hulle aan begrotings steur.

Hy besef dat die SSR te min geld kry, omdat ander bedrywighede soos sport die hoogste prioriteit geniet. "Lens" het verlede jaar gunstige kommentaar in die Volksblad en Rapport uitgelok. Hy voel dat die Skrywerskring ongetwyfeld reg op voortbestaan het. "Ons moet kies of ons sport ten koste van kultuur wil bevorder," sê mnr. Moolman.

Nou het die Skrywerskring nie meer geld om elke week te vergader om die bydraes van studentedigters en -skrywers te bespreek nie. Hulle kan dit nie bekostig om gedigte vir dié doel af te rol, reklame te maak of sprekers te nooi nie.

# K.V.V. HOU SEEKAMP

**Die eerste selkamp vir vanjaar het die naweek van 16 April op die Landsdiensterrein naby Potchefstroom plaasgevind. Die kamp is deur dertig Pukke bygewoon.**

Na die aankoms op die kampterrein het 'n vinnige kenmekaar gevolg. Die eerste bespreking is net na ete gehou. Dit het gegaan oor die mens se verhouding teenoor sy medemens. Die bespreking van man- en meisieverhoudinge het veral reaksie uitgelok.

Die tema van die tweede bespreking Saterdagaand was 'Jou plek in Korps en Korps op die kampus'. Almal het weer opnuut onder die besef gekom dat daar nie vir die mens gewerk word nie, maar duidelik met Koninkrykswerk besig is. Die aand is verder gesellig om die kampvuur deurgebring.

Sondagoggend het Petrus Coetzee die diens gelei. Daarna is die preek onder die tema 'ons paraatheid in die lewe' onder die kampgangers bespreek. Ander aktiwiteite wat die naweek plaasgevind het was blitskrieket, 'n kampvuurkonsert en baie gesels om die kampvuur.

Gawie van Jaarsveld het as kampleier opgetree, Jape en Pikkie Cronjé was die kampouers en Jeanette van Vuuren was die kosma.

HUIS
EN
TUIN
U KEN ONS
BESOEK ONS!

'n Nuwe
Disco
Den
AGTER WIMPY BAR
TEL. 6537
DIE PLATEPARADYS
RADIOS & TOEBEHORE
ONS SPEEL OP PARTYTJIES

# GESKIEDENISVERENIGING

**Na 'n tydperk waartydens die vereniging doodgeloop het, word dit in 1976 weer in die lewe geroep deur mnr. T.T. Cloete, tans lid van die SSR. 'n Nuwe bestuur vir die termyn 76/77 word verkies onder voorsitterskap van Johann Ueckermann, met lede Piet Roodt, Mariette Groenewald (sekretaresse), Arie Stavast (penningmeester) en Ansie Scholtz.**

Pas na die oorname van die nuwe bestuur in 1976 hou hulle in samewerking met dr. Piet van der Schyff, hul organiseerder van toere, 'n dagtoer na Pretoria. Die vereniging het 'n hele aantal museums besoek en die belangstelling hiervoor was goed, sê die voorsitter mnr. Johan Ueckermann. Na 'n aangename dag is die vooruitsig en belangstelling vir soortgelyke toere in die toekoms glo versterk en aangewakker.

Gedurende Februarie is 'n kenmekaar, wat in die vorm van 'n bier en braai was gehou.

Weens vervoerprobleme is die organisasie van die voorgestelde toer in April gestaak. 'n Toer vir Junie-Julie word nou georganiseer en die belangstelling hiervoor loop reeds hoog.

'n Naweektoer na Oos-Transvaal word ook in die vooruitsig gestel, sê mnr. Ueckermann.

Steeds 'n jong vereniging, bou hulle op die grondslag wat deur die vorige bestuur gelê is, voort.

# Landsdienskamp word gehou

**Alle naskoolse landsdienslede word in kennis gestel van 'n Republiekwye landsdienskamp vir studente, wat gehou sal word vanaf 24 Junie 1977 tot 1 Julie 1977 te Op'Hoff Sentrum, Maselspoort, Bloemfontein. Die kampgelde beloop R10,00. Interessante projekte, lesings en uitstappies sal aangebied word.**

Die voorsitter Tobie du Randt nooi alle landsdienslede vriendelik uit om die kamp by te woon. Laat onmiddellik weet hoeveel mans en hoeveel dames die kamp sal bywoon en of enige senior leier saamkom. Die adres is:

Posbus 659,
Bloemfontein
9300
Telefoon: 70711

# AKTUEEL 80 – 'N FEES!

**Wieger Tromp en sy trekklavier word al tradisie op kampe en die eerstejaars het die aand op 'n uitputtende wyse met hom kennis gemaak. Hy en Jan Botha was nimmereindigend met hulle "ontspanning" en enige beweging wat moontlik is, is op die maat van die trekklavier gemaak.**

Prof. Tjaart van der Walt se praatjie oor praktiese wenke oor leierskap het vir elkeen iets beteken.

Saterdagnag het die bittereinders mekaar afgelos en wakker gehou met sang, kitaarspel en grappe. Jan Steyn het vir 'n goeie gedeelte van die gelag gesorg.

PRO-REGE
U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG
PRO REGE-PERS BEPERK
„die Potchefstroomse boekhandel"
Tomstraat 86 – – Potchefstroom
Tel. 8875

# CAPUT ROU EN JUIG

**Caput het hierdie jaar twee groot verliese gely. Ten eerste die dood van prof. Grobler, ons huispa, en nou 'n groot vriend en leier, Quinton Erlank. Miskien moet ons dit in die geloof sien as 'n vingerwysing. Ons as Caputters berus daarby.**

Namens die hele Caput bedank ons alle mense wat aan ons gedink het in dié tyd. Baie dankie aan Quinie se vriende wat 'n laaste eerbewys aan hom gebring het.

Met 'n regte intervarsity atmosfeer, sjampanjenooientjies en alles wat daarmee gepaard gaan, het Caput teen Hombré op die veld gedraf. Groot was die dag, want Caput het hul slag gewys. Overs en Dorp het ook al intussen in die slag gebly. Die tweede en derde spanne is ook nog onoorwonne in die liga.



*Caput en Hombré se sjampanje nooientjies* *Foto: Jaco Pretorius*

## SOETDORINGS SE LAASTE JAAR

MET GROOT geesdrif het die Soetdoringdames die jaar begin. Met dore-tyd skaars agter die rug het ons kortkort berigte ontvang dat Soetdorings gaan toemaak. 'n Paar weke later het Prof. Marais dan ook mev. Breytenbach (koshuisma) formeel in kennis gestel om die berigte te bevestig. Dit was 'n groot terugslag, maar ons het eenparig besluit om die laaste jaar 'n fees te maak.

Met die ontstellende nuus nog vars in ons gemoed moes ons een van ons koshuismatrones, mev Van der Westhuizen en op 22 Mei mnr Breytenbach, aan die dood afstaan. Dit is vir ons almal 'n groot verlies en ons dink aan hierdie twee mense se families.

## UIT DIE KASTEEL-PENSEEL

**Dit lyk asof mnr. Winter 'n paar maal die afgelope week wou wys dat daar darem nog murg in sy pype sit. Soos dit nou moet, het dit verskillende reaksie by ons dames uitgelok. Jy trek stewels en leerbaadjie aan en daag hom uit. Só nie, bly jy binne en koek gesellig saam met die ander om 'n verwarmertjie, of die sitkamer se stofie, óf jy is dalk een van daardie eensame bittereinders wat met jou kombersie en koppie koffie voortstry met die akademie of die naweek se toetse. Ander het weer by mnr. Winter 'n lessie oor huislikheid geleer en haal die breiwerk, borduurwerk en hekelwerk na vore, want miskien kom verlede jaar se poging dalk dié jaar verder.**

Oor een ding is ons dames werklik bly, en dit is dat hy nog nie die sêrre kon ontmoedig nie; solank die hart nog warm is en die vingers lekker los, dan kom die ou troebadoers nog.

Van ons Kastelers het die afgelope week teruggekom van hulle proewery – sommige met aangename ondervindings en andere met 'n deeglike voorsmakie van hul toekomstige beroep. Daar was die mening dat die proeftyd te kort was om werklik ondervinding op te doen en voorstelle oor veranderinge was dikwels die onderwerp van bespreking. Nuus uit 'n ander oord: Kasteel kan met reg trots wees op hul sleepkoshuis (Liberalia) sat saam met Makouvlei, Over-de-Voor in-de-voor gespoel het.

# SPORT

## P.U.-SOKKER – 'N KLINKENDE OORWINNING

**Beide Puk spanne het Saterdag in 'n liga-bepaling korte mette gemaak met Stilfontein. Die tweede span wen met 5 doele teenoor 0. Jass Swarts teken na drie minute die eerste doel aan en daarna oorheers PUK die spel. Die uitblinkers hier was Frans Grobler en Johan Nel.**

Die eerste span wen 4-2 na 'n geweldige eindpoging. Elf minute voor die eindfluitjie was die span nog 1-2 agter. Wim Kryffout (1) en Piet Fourie (3) teken die doele aan. Die ster van die dag was egter die blonde Johan Barkhuizen wat telkens op die regtervleuel die verdediging geklop het.

Die twee spanne is tans derde en vierde van bo in die Wes-Transvaalse liga-bepalings. Die bestuur is onlangs versterk met die verkiesing van Johan Aucamp as president. 'n Blink toekoms kan vir hierdie klub voorspel word.

## GEEN WINTER VIR KULU

**Dié wat meen dat die winter 'n vars graffie is waarom ons almal droefgeestig gaan staan en grens oor die pasbegraafde somer, kan maar ophou snik.**

Meer as een in Kulu het seker na die vakansie 'n boek ingepak oor een of ander groot filosoof met die hoop om Winter in stille meditering deur te bring. Die meeste van ons het dalk al 'n paar brandmaer koeie uit die sloot staangemaak, toe die hele spulletjie net so teruggeboender word.

'n Verkluimde hoender is nog lank nie 'n dooie hoender nie. Met al die wintersbedrywighede op die Fanie du Toit, moes almal maar eers die kransies los en hand bysit om die sportseisoen die moeite werd te maak.

Nou wil dit al lyk of die ou spulletjie skoon handuit ruk. Sommer so sonder respek vir die winter het 'n paar, jou werklikwaar 'n gedaantewisseling ondergaan. Haarkappers en potensiële haarkappers het seker 'n baie bedrywige tydjie agter die rug. Almal wat die somer nog so half moedswillig aan 'n ou haardos gekleef het, laat dit nou kartel en knip en kroes . . .

Die kleure en klere is genoeg om enigeen die rittel-tits van skone lekkerkry te gee. 'n Koeliemark is 'n mooi een om te probeer kers vashou.

Dit wil nou al lyk of die winter, (in Kulu in elk geval), nie so asvaal gaan wees nie. Van die stille meditering gaan daar waarskynlik ook nie veel kom nie. Darem half jammer I.W. het net interessant begin lyk.

## 6303 NIE KASTEEL

DIE HUURDER van telefoonnommer 6303 kla dat hy heeldag telefoondiens doen. Daar word 'n versoek tot Kasteel se dames gerig dat almal wat belang by hulle het nie die nommer moet bel nie.

## Kleurvolle Netballiga

**Die koshuisliga het nou ten einde geloop. Daar sal beslis verdere ligabepalings moet wees omdat die puntetoestand redelik deurmekaar is. Sommige koshuise onttrek hulle spanne en dan moet die punte van ander koshuisspanne wat reeds teen hulle gespeel het, afgetrek word.**

Die meeste koshuise het reeds nuwe kleurvolle netbaldrag aangeskaf. Mev. Ulyate het daarop aangedring dat geen speelster meer met 'n sweetpakbroek mag speel nie.

Die puntestand van die dameskoshuise is as volg:

| | |
|---|---|
| Klawerhof | 12 |
| Heide | 8 |
| Wanda | 6 |
| Oosterhof | 6 |
| Karlien | 4 |
| Wag-'n-Bietjie | 4 |
| Kasteel | 2 |
| Dorp | 0 |
| Kulu | 0 |
| Vergeet-my-nie | 0 |

## WANDA EN HOMBRÉ HOU SPORT

**Republiekdag in Hombré soos in vanmelewe, met 'n fees van boeresport en braaivleis gevier.**

Die dag is uitgekies as oop dag waar die manne hul meisies in die koshuis kon onthaal. Vroeg die middag is die dames van Wanda gaan haal om die dag saam met Hombré te geniet. Na 'n enkele toespraak is die Republiekvlag gehys. Die militêre mag van Hombré het daarna 'n vertoning van militêre dissipline en paraatheid gegee en die aanwesiges is toe toegespreek deur 'n "gasspreker" wat die geskiedenis van die R.S.A. met die van Hombré vergelyk het.

Hierna is meer tot aksie toegetree. Sokker is gespeel waarna boeresport aan die beurt gekom het. Daar is toe tou getrek en kussinggevegte gereël wat tot baie humor aanleiding gegee het.

Die aand is lekker braaivleis gehou, waarna die dag se gebeure met 'n fliek afgesluit is.


WESVALLA BOEKHANDEL

ONS HET NET WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF
Posbus 20060
POTCHEFSTROOM
Tomstraat 84 Tel. 6660



„Potch Speed Den"



INDIËR WINKELSENTRUM 26
TEL 4713

Versoolde bande min 33⅓%
„Powerthrust" uitlaatstelsels vir alle motors
Motorradios & bande @ uitstekende pryse
Avon & Pirelli bande
Veiligheidshelms & tydren baadjies vir motorfietse



*Pour La Femme*




WOLMARANSSTRAAT

BESTELLINGS: 6214

*Raymond en Ricki het pas kursusse voltooi by Jigles en Vidal Sassoon of London*

*SPESIALISEER N HAARSNY, BLAAS HENNA BEHANDELINGS*



*Hennie Smit van Overs gee die bal uit na sy agterlyn. (Foto: Jaco Pretorius).*

# LIGA IS NOG WA-WYD OOP

**Aan die einde van die eerste rondte is Hombré en Dawie Dup die voorlopers in die koshuisliga.**

Caput wat egter nie so goed begin het nie, is besig om van krag tot krag te gaan. Hy is saam met Klooster net twee punte agter die voorlopers.

Hombré en Dawie Dup spook egter môre sake uit en daarna sal daar net een voorloper wees. Dawie Dup se agterlyn kan die knoop deurhaak as hulle voorspelers genoeg balle by Hombré se pak voorspelers kan bemeester.

Saterdag 4 Junie is die volgende wedstryde gespeel:

**Dawie Dup 15 – Overs 3**

Dawie Dup kry vroeg in die wedstryd 'n vaste greep en verslap nie. Niemand het hier beter as hul kaptein, Retief Leanard gespeel nie. Hierdie woelige agtsteman was eenvoudig orals. Die drieë is egter deur die agterlyn gedruk wat goed beplande rugby gespeel het. Overs sukkel egter nog hierdie seisoen en het nog net een wedstryd gewen.

**Caput 21 – Dorp 9**

Caput sit hulle segetog voort nadat hulle hul buurman Hombré, 'n deeglike loesing gegee het. Hulle is die buiteperde wat die voorspelers van hulle drome kan ontneem. Hier moet die naam van die haker Gert Breedt genoem word, wat die balle soos 'n Boland Coetzee uit elke losskrum haal.

**Hombré 9 – Klooster 0**

In 'n wedstryd wat gekenmerk is deur planlose rugby klop Hombré vir Klooster om alleen saam met Dawie Dup bo-aan die punteleer te staan. Vir Hombré het Theuns Botha sy gebruiklike twee strafskoppe oorgeklits. Hy het op die oomblik tagtig persent van Hombré se punte aangeteken. Klooster se vleuels het deurgaans baie vol planne gelyk en het baie goed verdedig.

**Ander uitslae is:**

28 MEI
Caput 22 – Hombré 9
Dawie Dup 16 – Drakenstein 7
Klooster 6 – Overs 3

31 MEI
Hombré 15 – Dorp 12
Caput 18 – Overs 12
Klooster 8 – Drakenstein 6

**Puntestand:**

| Koshuis | Aantal wedstryde | Gewen | Verloor | Punte |
|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup | 6 | 5 | 1 | 10 |
| Hombré | 6 | 5 | 1 | 10 |
| Caput | 6 | 4 | 2 | 8 |
| Klooster | 6 | 4 | 2 | 8 |
| Dorp | 6 | 1 | 5 | 2 |
| Overs | 6 | 1 | 5 | 2 |
| Drakenstein | 6 | 1 | 5 | 2 |

# MUURBALSPELERS PRESTEER

**Dit woel steeds op die muurbalfront. Hoewel veral die Pu-mansspanne vanweë heelwat interne probleme nie so goed in die Wes-Transvaalse ligas vaar nie, is daar tog etlike ander prestasies tot dusver vanjaar gelewer wat hoop vir die toekoms bied.**

In die Wes-Transvaalse kampioenskappe het altesaam vier Pukke, Johan de Bruin, Thinus Smidt, Clive Ulyate en Jimmy Versfeld, die kwarteindronde gehaal, met De Bruin en Smidt in die halfeind- en De Bruin in die eindronde, waar hy deur oud-Puk Mike van Zyl in 'n harde wedstryd geklop is. Jimmy Versfeld het veral veras met sy oorwinning oor die vierde gekeurde Paul van Schalkwyk van Klerksdorp.

Onder die dames het Joan Basson en Sanpat Coetzee goed gevaar in die kampioenskappe. Joan, wat in die halfeindstryd deur die uiteindelike kampioene Elaine Miller uitgeskakel is, beklee tans die derde plek op die Wes-Transvaalse ranglys, met Sanpat in die nommer vyf-posisie.

Wat die Mans-ranglys betref, is die Puk ook baie goed verteenwoordig, met De Bruin op nommer twee, Smidt op nommer 3, Ulyate op nommer 5 en Versfeld op nommer 7. Indien Daan Gouws nie besluit het om liewer aan die Vaal Provinsie se kampioenskappe deel te neem nie (hy's reeds in die halfeindstryd), sou hy hom ook heel waarskynlik onder die boonste 8 van Wes-Transvaal bevind het, wat sou meegebring het dat vyf van die provinsie se agt bestes deur die Puk gelewer kon word.

'n Ander groot prestasie wat miskien so ietwat verdwerg geraak het, is die feit dat tydens die intervarsity vroeër vanjaar teen RAU die Pukke vier van die vyf wedstryde wat normaalweg as eerste spanne resorteer, ingepalm het – en dat Johan de Bruin op nerf na ook sy nommer-een wedstryd ingepalm het. Met die SAU-toernooi om die draai en al die Pukke wat destyds so goed gevaar het, steeds beskikbaar, word daar met groot belangstelling uitgesien na die vertoning van die Pukspan.

## Sportpersoonlikheid van die week

# Bettie Prinsloo

**Bettie speel vanaf haar eerstejaar vir die Puk se netbalspan. Vanjaar is sy ook kapteine van die span.**



*Bettie Prinsloo (Foto: Jaco Pretorius).*

Op skool het sy reeds vir Goudveld gespeel en sy bereik nog steeds hoër hoogtes.

Vir die afgelope drie jaar speel sy vir Wes-Transvaal. Verlede jaar het dit haar te beurt geval om vir die Suid-Afrikaanse Universiteite Protea span te speel en dit is byna verseker dat sy dit weer sal behaal.

Bettie is ook 'n baie toegewyde sportdame. Om haar vasberadenheid op 'n netbalbaan te sien is 'n groot aanmoediging vir haar spanmaats.

Vir Bettie is die sleutel tot sukses fiksheid en dat 'n sportpersoonlikheid nooit konsentrasie tydens 'n kompetisie moet verloor nie.

Sy is 'n netbal speelster van wie ons nog vanjaar baie gaan hoor.

## KLEINTJIE

Verlore raket.
'n Verlore Spalding raket is by die bane opgetel. Navrae by mnr. Bennie Hatting.

ONS HET ALLES WAARNA U SOEK IN DIE LYN VAN SPORTBENODIGDHEDE; BESOEK ONS GERUS

STUDENTE SPORT

Kerkstraat Potchefstroom

# PLUIMBAL HET GROOT PLANNE

**TYDENS** 'n ligawedstryd teen die sterk span van Strathvaal op 1 Junie het die PU damesspan daarin geslaag om die wedstryd met 5-3 te wen. Die mansspan was ongelukkig en moes die onderspit met 3-5 delf. Lucie Uys en Rosalie de Klerk het soos gewoontlik hul enkel- en dubbelwedstryde gewen. Die deurslaggewende punt is egter verkry deurdat Dianne Brophy en Dorothea Visser hul dubbelspel teen M Boyd en G Marais gewen het. Indien die PU Damesspan nou daarin kan slaag om die Ellaton damesspan op 9 Junie te verslaan, sal hul die wenners in die W.Tvl A- damesliga wees – 'n unieke gebeure in die geskiedenis van die PU Pluimbalklub!!

Die span vir die SAU Pluimbaltoernooi te RAU 4-9 Julie is bekend gemaak:

MANS: Sakkie Robinson, Leon Wolmarans, Lucas Fourie, Neels Klopper, Nico Dicks.

DAMES: Rosalie de Klerk, Lucie Uys, Dorothea Visser, Dianne Brophy, Chrisine de Wet.

Die span voel baie optimisties oor hul kanse hierdie jaar by SAU. Met 3 Wes-Transvaal A spelers in die span, met soveel diepte in die span, maar veral met soveel entosiasme in hul geledere kan hul net die anders om vanjaar hul stem dik te maak by SAU's nie. Verder het hul ook 'n spesiale afrigter van Stilfontein nl. mnr. Freddie Botha gekry om hul elke Maandagaand te kom help. Dit word van elke lid van die span verwag om benewens bogenoemde oefensessie ook individueel te oefen en fiks te bly.

# GROOT MOONTLIKHEDE VIR TENNIS

**Die PU-mans tennisspan het op 31 Mei vir die derde agtereenvolgende jaar die Republiek dagskild van Wes-Transvaal verower.**

Die Puk se span het nie juis enige besondere teenstand ondervind nie.

Die tweede span het 'n tweede plek tydens die wedstryd behaal.

Die Puk-damesspan wat nog 'n jong span is het nie so goed gevaar nie.

Met die koshuis tennisliga nou in volle swang is die puntestand van die dames as volg:

**Afdeling A**

**Klawerhof A – 4**
**Oosterhof – 4**
**Vergeet-my-nie B – 4**
**Heide – 0**
**Dorp – 2**
**Kulu – 0**
**Wanda B – 0**
**Kasteel A – 2**

**Afdeling B**

Wag-'n-Bietjie A – 4
Wag-'n-Bietjie B – 0
Wanda A – 2
Klawerhof B – 2
Vergeet-my-Nie A – 0
Karlien – 2
Kasteel B 2

Mans puntestand

**Afdeling A**

Klooster B – 0
Hombré A – 2
Caput – 4
Over de Voor –2

**Afdeling B**

Dawie Dup – 0
Hombré B – 2
Dorp – 2
Klooster A – 2
Drakenstein – 2

## SPORTKORRELS
DEUR HANS SAESTAD

# SOKKERKLUB ONGELUKKIG

**Die sokkerklub van die PUK het hierdie jaar ontstaan en het al klaar probleme.**

Op die oomblik het die PUK twee spanne in die Wes Transvaal liga en vaar besonder goed vir 'n nuwe klub. Met die intervarsity teen RAU het hulle 'n oorwinning van drie doele teenoor twee behaal.

Dit alles in ag geneem, hou hulle die PUK se naam besonder hoog en kan met hulp van krag tot krag gaan. Gereeld sien jy by die Fanie du Toit of by Piet Bosman Park hoe die sokkerspelers toegewyd oefen.

Nou kom die probleem in dat hulle nie aan die SAU toernooi mag deelneem nie. Volgens die konstitusie mag 'n klub nie in sy eerste bestaansjaar aan 'n interuniversitêre toernooi deelneem nie. Die Sportraad het hulle wel toegelaat om aan die Intervarsity teen RAU deel te neem. Hoekom mag 'n span wat sy Universiteit se naam hoog hou, nie sy universiteit op die belangrikste toernooi verteenwoordig nie?